

## UIT DIE PEN VAN DIE CEO (3/15)

Justin Chadwick (6 Februarie 2015)

**GESEGDE VAN DIE WEEK** "When you talk, you are only repeating what you already know. But if you listen, you may learn something new" Dalai Lama

### SUID-AFRIKAANSE SITRUSPRODUSENTE GAAN BY SITRUS SUMMIT VERGADER

Met net meer as 'n maand om te gaan voor die **Standard Bank** geborgde Eerste Sitrus Summit (11-12 Maart 2015) geskied die registrasies nou vinnig. Danksy die ruim borg van Standard Bank kon die CGA die registrasiefooi tot 'n minimum beperk (slegs R1 000) wat dit vir almal bekostigbaar maak. Die Summit sal by Hans Merensky Hotel in Phalaborwa aangebied word – produsente het versoek dat sulke gebeurtenisse naby die sitrus produserende streke gehou moet word (die volgende Summit oor twee jaar sal in die Kaap gehou word). **Bruce McEvoy**, CGA verteenwoordiger in die VSA sal produsente inlig oor die jongste nuus vanuit die VSA – insluitend die proses om wyer toegang vir Suid-Afrika te verkry; **Rocco Renaldi**, CGA verteenwoordiger in Brussels sal 'n eerstehandse oorsig van die nuutste oor CBS gee terwyl **Mikhail Fateev**, CGA verteenwoordiger in Moskou ons sal inlig oor die situasie in die wisselvallige Russiese mark. Die Summit sal ook produsente inlig oor die werk wat CGA met betrekking tot verbruikersversekering doen – veral betrokkenheid in die SIZA program (**Colleen Chennels**) en omgewingskodes (**David Farrell**).

CGA se filiale River Bioscience, Citrus Academy, CGA Cultivar Company en CRI is almal gestig om in produsente se behoeftes te voorsien. Afgevaardigdes sal hoor van die aktiwiteite van hierdie filiale om aan hierdie behoeftes te voldoen. Toenemende volumes na die Oosterse mark is 'n sleutel fokus area van CGA, en dit is nie sonder probleme nie. Die nuutste aktiwiteite en planne in hierdie markte sal ook bespreek word.

Produsente het 'n paar jaar gelede besluit om inligting en kennis in die logistieke arena te verbeter, Mitchell Brooke sal terugvoering oor hierdie portfolio gee, terwyl Transnet die nuutste oor die hawe se ontwikkelings en spoorvrag sal dek.

Ontwikkeling van nuwe toetreders tot die sitrus produksiesektor is 'n nasionale en bedryfsprioriteit; CGA is besig met 'n nuwe onderneming met betrekking tot transformasie, meer hieroor by die Summit. Jou besigheid is net so goed soos die menslike kapitaal wat jy in diens neem – kom luister hoe die Citrus Academy jou besigheid kan verbeter deur die ontwikkeling van menslike vaardighede.

Die Summit sal afskop met 'n internasionale hoofspreker – om die omgewing te skets waarbinne die suider-Afrikaanse sitrusprodusente opereer. Hierdie openingsrede sal die tendense in die globale produksie en verbruik dek asook die nuutste invloede op vraag en aanbod. Produsente wat langtermyn produksie en bemarkingsbesluite neem sal hierdie inligting veral van waarde vind.

Registreer nou by [www.cga.co.za](http://www.cga.co.za) en volg die Citrus Summit skakel (of kontak my vir enige hulp).

### MAAK REDERYE WINS UIT DIE BUNKER KOSTES? Mitchell Brooke

Die aankondiging deur Maersk Lines en Safmarine om die bunker aanpassing (SBF) kwartaaliks te hersien en nie maandeliks nie, kan suspesieus voorkom. Die wêreldprys van bunker brandstof het geleidelik gedaal sedert die einde van 2014 wat tot laer bunker kostes vir verskepers moes gelei het; dit is egter nie die geval nie. Maersk Lines en Safmarine het die SBF kostes vir 1<sup>ste</sup> Januarie tot 31<sup>ste</sup> Maart vasgestel teen bunker pryse van November 2014. Om 'n voorbeeld te gee, die rederye se SBF op die Suid-Afrika na NWC/VK roete is vasgestel vir die eerste kwartaal teen USD870 per 12 meter houer, dit is gelyk aan die November se gemiddelde bunker prys faktor van USD460/Mt. Soos ons weet het die bunker prys dramaties gedaal en is nou onder USD300/Mt vir IFO380 in Rotterdam, maar vir die huidige periode word 'n bunker prys faktor van USD460/Mt steeds gebruik (leemte weens die lae swaelbybetalings van USD50 per skip), so verskepers gaan nie die besparings sien nie. Sou die SBF aanpassings egter onveranderd gebly het en teen maandelikse aanpassings voortgegaan het, sou die SBF bunker prys faktor teen Maart op die NWC/VK handel rofweg na USD320/Mt gedaal het wat 'n SBF van omtrent USD600 per skip tot gevolg sou gehad het, 'n verskil van **USD270** teen dit wat die rederye tans vra – is dit 'n winsmotief of wat? 'n Ander probleem wat ook nog gaan ontstaan is wanneer daar skielike veranderinge in die bunker prys faktor binne die kwartaal periode gaan gebeur wat massiewe stygings (nie baie goed nie) of dalings (baie goed) tot gevolg gaan hê afhangend van die beweging in die prys van bunker brandstof binne die hersieningsperiode. Dit sal interessant wees om die tweede kwartaal se SBF periode te monitor waar die huidige lae bunker pryse weergegee moet word, indien nie sal hul vir 'n geloofwaardige rede gevra moet word. In tye van dalende brandstofpryse kan hierdie 'n manier wees waardeur rederye verliese verskans. <http://www.maerskline.com/en-za/countries/za/news/local-advisories/2014/12/standard-bunker-adjustment-sbf>. Fruit South Africa het die kompeterende owerhede in die verlede genader wanneer ons onregverdige aksies van die rederye ondervind het – en sal dit weer doen wanneer dit nodig geag word.

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekomstige belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**